# NG KERK MOSSELBAAI-SUID
## AFKONDIGINGE: SKOOLVAKANSIE 2019

*"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors". (Jesaja 9:5)*

**EREDIENSTE:** 15 Des 09:00 Kerkgebou (dr K van Zyl); Vleesbaai (ds Danie)
22 Des 09:00 Kerkgebou (ds Danie); Vleesbaai (dr M Pauw)

| | | |
|---|---|---|
| **25 Des** | **09:00** | Jan de Wet in kerksaal |
| | **09:00** | Kersdiens in kerkgebou (dr K van Zyl) |
| | **07:00** | Vleesbaai (Gerhard Strydom) |
| | **07:00** | Boggomsbaai (ds André) |
| | **09:00** | Vleesbaai (ds Danie) |
| **29 Des** | **09:00** | Kerk (ds Danie); Vleesbaai (dr M Pauw) |
| **31 Des** | **19:00** | Oujaarsdiens in die kerkgebou (ds Danie) |
| **05 Jan** | **09:00** | Kerkgebou (ds Robert); Vleesbaai (ds P Louw) |
| **12 Jan** | **09:00** | Kerkgebou (ds P Louw); Vleesbaai (ds Robert) |



## BELANGRIKE INFO

**KATEGESE EN KINDERKERK:** Begin weer D.V. op 19 Januarie 2020.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

**NEEM ASB KENNIS:** Ds Robert is tot 2 Jan '20 met verlof. Ds André is 13 Des '19 tot 14 Jan '20 en ds Danie is 3-13 Jan '20, met verlof. Indien u 'n dominee benodig en u dominee is met verlof, skakel gerus een van die ander dominees.

**DEURKOLLEKTE:** Raadpleeg asseblief u jaarprogram. By ons Kersdienste word 'n spesiale kollekte vir die Koskas opgeneem.

**KERSMARK:** Ons nooi u hartlik uit na die Mosselbaai Kerskunsmark! Dit vind plaas vanaf 17-19 Desember 2019 in ons kerksaal. Uitstallers van dwars oor die land bied kwaliteit handgemaakte artikels te koop aan. Bring u familie en vriende en kom geniet 'n heerlike kuiertjie terwyl u 'n spesiale geskenkie vir iemand koop en sommer ook lekker wegneem-eetgoed teen billike pryse kry. Middagetes @ billike pryse sal verkoop word. Dinsdag Kerrie en Rys, Woensdag Potjiekos en Donderdag lasagne en slaai. Pannekoek, basaarpoeding en kitsetes sal ook deur die dag verkoop word (08:00 tot 18:00).

**ALMANAKKE:** Dit word nou versprei deur die dienswerkers. As u nie deur 'n dienswerker besoek word nie, kan u een by die kerkkantoor afhaal.

**KANTOOR:** Sal gesluit wees 25 Des 2019 tot 1 Januarie 2020.
Kantoor open 3 Januarie 2020.



## VIR U AANDAG

**OESMAAND VIR DIE KOSKAS:** Desember bied ons aan alle lidmate geleentheid om bydraes te maak vir die koskas. *Droë produkte, groente, gevriesde produkte, wors, maalvleis, hoender, weense worsies, ingemaakte vrugte/groente, vlapoeier, jellie, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank(poeiersoort), of kontant–bydraes kan by die kerkkantoor of u dienswerker afgegee word.* Ons beplan 'n spesiale pakkie vir die gesinne wat kospakkies ontvang.

**DANKBAARHEIDSMAAND:** Indien u nog nie geleentheid gehad het nie, kan u gerus nog u dankbaarheidsmaand se offerkoevert in die kollektesakkie gooi. As u nog nie u koevert ontvang het nie, gebruik sommer 'n gewone koevert en merk dit as "Dankbaarheidsmaandbydrae". Ons is ver agter op ons begroting en 'n ekstra bydrae van elkeen kan net dalk die wa deur die drif trek. Baie dankie!

**HELP ASSEBLIEF:** Ons wil graag baie arm Graad 1's van Brandwag se "St Luke's Primary" help om hulle skooljaar met die nodige skryfbehoeftes te begin. Ons benodig 'n potloodsakkie met 'n gomstafie, uitdraaikryte, skêrtjie, 2 dik potlode vir beginners en 'n uitveër vir 45 kinders. Dankie vir die skenkings wat reeds ontvang is. As u nog kan help, gee asseblief u bydrae af by die kerkkantoor of Danie de Jagerstraat 34. Baie dankie, Jeanne Smit.



**DESEMBER GEBEDSTEMA: Selfbeheersing**

**Danksegging:**
Ons pragtige dorp en strande.
Voorreg van familietyd.

**Gebed en smeking:**
Die besoekers aan Mosselbaai – bid dat hulle die liefde van die Here sal beleef (in ons eredienste, in winkels, restaurante, op die strande of by vulstasies).
Die munisipale dienste van Mosselbaai (elektrisiteit, riolering, parke, strate, veiligheid, brandweer, behuising, ens).
Vakansie-eredienste (veral vir mense wat letterlik net 1 keer per jaar kerk toe gaan - op Kersdag). Amfi-teater
Die besige paaie, strande, vakansie-oorde en ontspanningsplekke. Stalletjies, straatmarkte en informele verkopings.
Skole sluit en soms werk albei ouers - geen toesig en ledige ure.
Motoriste— rustigheid en verdraagsaamheid, respek teenoor mekaar. Bid vir wetstoepassers.
Stranddienste te Vleesbaai – voorbereiding, vervoer, klank, poppekas, ens.
Matrieks en studente wat volgende jaar moet begin werk.
Eensames in ouetehuise, dienssentrums, kamertjies, hospitale.

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*